

Openbaring

Hoofstuk 21

Hierdie hoofstuk handel oor drie dinge wat God nuut gaan maak:

- a) Die nuwe hemel.
- b) Die nuwe aarde.
- c) Die nuwe Jerusalem.

● **Opn. 21:1 En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.**

→ Johannes sien 'n nuwe hemel. In die Bybel lees ons van 3 hemele:

A) Die atmosferiese hemel. Dit is die wolkehemel, die lugruim, die atmosfeer rondom die aarde. Hierdie is dan ook die blyplek van die bese.

A1) Efs. 2:2 WAARIN JULLE TEVORE GEWANDEL HET VOLGENS DIE LOOP VAN HIERDIE WÊRELD, VOLGENS DIE OWERSTE VAN DIE MAG VAN DIE LUG, VAN DIE GEES WAT NOU IN DIE KINDERS VAN DIE ONGEHOORSAAMHEID WERK.

A2) Efs. 6:12 WANT ONS WORSTELSTRYD IS NIE TEEN VLEES EN BLOED NIE, MAAR TEEN DIE OWERHEDE, TEEN DIE MAGTE, TEEN DIE WÊRELDHEERSERS VAN DIE DUISTERNIS VAN HIERDIE EEU, TEEN DIE BOSE GEESTE IN DIE LUG.

B) Die sterreheem (heelal). Dit word ook die astronomiese hemel genoem, dit is waar die sterre en planete is. Die Bybel noem dit die uitpansel:

B1) GÉN. 1:14 EN GOD HET GESÊ: LAAT DAAR LIGTE WEES AAN DIE UITSPANSEL VAN DIE HEMEL, OM SKEIDING TE MAAK TUSSEN DIE DAG EN DIE NAG; EN LAAT HULLE DIEN AS TEKENS SOWEL VIR VASTE TYE, ASOOK VIR DAE SOWEL AS JARE.

C) Die derde hemel. Dit is die hoogste hemel. Dit is waar God woon en waar die troon van God nou is. Dit word ook die paradys genoem:

C1) 2Kor. 12:2 EK WEET VAN 'N MAN IN CHRISTUS, VEERTIEN JAAR GELEDE—OF DIT IN DIE LIGGAAM WAS, WEET EK NIE, OF BUITE DIE LIGGAAM, WEET EK NIE, GOD WEET DIT—DAT SO IEMAND WEGGERUK IS TOT IN DIE DERDE HEMEL.

C2) 2Kor. 12:4 DAT HY WEGGERUK IS IN DIE PARADYS EN ONUITSPREEKLIKE WOORDE GEHOOR HET WAT 'N MENS NIE MAG UITSPREEK NIE.

→ Die hemel waarvan Johannes praat is sekerlik die atmosferiese hemel (die eerste hemel het verbygegaan).

→ Johannes sien ook 'n nuwe aarde. Die aarde waarop ons nou leef gaan beslis deur vuur verbrand word en vergaan, daarna sal die Here 'n nuwe aarde skep.

→ Hierdie nuwe aarde sal vir altyd bly staan. Dit sal die plek wees waar alle geredde mense sal woon. **2PET. 3:13 MAAR ONS VERWAG VOLGENS SY BELOFTE NUWE HEMELEN EN 'N NUWE AARDE WAARIN GERECHTIGHEID WOON.** Daar sal geen satan meer wees nie, ook sonde, versoekings, en haat sal daar nie meer wees nie.

→ **JES. 65:17 WANT KYK, EK SKEP NUWE HEMELEN EN 'N NUWE AARDE, EN AAN DIE VORIGE DINGE SAL NIE GEDINK WORD EN HULLE SAL IN DIE HART NIE OPKOM NIE.**

→ **JES. 66:22 WANT SOOS DIE NUWE HEMEL EN DIE NUWE AARDE WAT EK MAAK, VOOR MY AANGESIG SAL BESTAAN, SPREEK DIE HERE, SO SAL JULLE NAGESLAG EN JULLE NAAM BESTENDIG WEES.**

→ Daar sal geen see meer wees nie. Die see het storms, dit is onrustig, die see bring skeiding tussen lande en ook geliefdes. Twee-derdes van die aarde bestaan uit see-water en met die nuwe aarde gaan dit nie meer nodig wees nie.

● **Opn. 21:2 En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.**

→ Die stad is die blyplek van die bruid van Christus. Al die geredde mense uit die kerkdispensasie woon daarin.

→ Dit is die blyplek wat Jesus aan Sy kinders belowe het. **JOH. 14:2 IN DIE HUIS VAN MY VADER IS DAAR BAIE WONINGS; AS DIT NIE SO WAS NIE, SOU EK DIT VIR JULLE GESÊ HET. EK GAAN OM VIR JULLE PLEK TE BEREI. JOH. 14:3 EN AS EK GEGAAN EN VIR JULLE PLEK BEREI HET, KOM EK WEER EN SAL JULLE NA MY TOE NEEM, SODAT JULLE OOK KAN WEES WAAR EK IS.**

● **Opn. 21:3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.**

→ Die Here sal persoonlik by ons wees vir ewig.

→ Dit spreek van 'n wonderlike, intieme verhouding met Hom.

→ Ons sal Hom sien en met Hom kan praat.

→ Ons sal voor Sy aangesig neerbuig en Hom aanbid, 'n ewigheid lank.

● **Opn. 21:4 En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.**

→ Nooit weer enige vorm van droefheid, nooit weer 'n moord, motorkaping, rooftog, verkragting.

→ Nooit weer 'n siekte, hartaanval, beroerte of kanker nie.

→ Ons sal nooit weer by 'n oop graf staan om 'n geliefde te begrawe en afskeid te neem nie.

→ Al hierdie dinge het toegang tot die aarde gekry deur sonde. Dit het ons lewens op aarde grootliks bemoeilik, maar God gaan in die ewigheid die vloek geheel en al verwyder.

● **Opn. 21:5 En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. Opn. 21:6 En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Opn. 21:7 Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees.**

→ Dit herinner ons aan Jesus se woorde: "Dit is volbring".

→ God wat die skepping begin het gaan dit volmaak voltooi. Hy is die Alfa en die Omega.

→ Daar sal vir elke kind van God versadiging wees, want Jesus gee voortdurend water. Dit spreek van versadiging.

● **Opn. 21:8 Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.**

→ Elke mens word deur God geroep tot redding, tot afwassing van al jou sondes deur die bloed van Jesus. As 'n mens dit nie wil aanneem nie, sal die beloftes van God nooit ooit jou deel wees nie.

→ Die mense wat ongered sterf sal nooit deel hê aan die heerlijkheid van God nie, maar sal in die hel gewerp word, 'n plek van pyniging.

• **Opn. 21:9** En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. **Opn. 21:10** En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal; **Opn. 21:11** en dit het die heerlijkheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen. **Opn. 21:12** En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel. **Opn. 21:13** Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte. **Opn. 21:14** En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam. **Opn. 21:15** En hy wat met my gespreek het, het 'n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet. **Opn. 21:16** En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend vyf honderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk. **Opn. 21:17** En hy het sy muur gemeet op honderd vier en veertig el, volgens 'n mens se maat, wat die maat van 'n engel is. **Opn. 21:18** En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas. **Opn. 21:19** En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag; **Opn. 21:20** die vyfde sardóniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrisopraas, die elfde hiasínt, die twaalfde ametís. **Opn. 21:21** En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas. **Opn. 21:22** En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. **Opn. 21:23** En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. **Opn. 21:24** En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlijkheid en eer daarin. **Opn. 21:25** En bedags want nag sal daar nie meer wees nie sal sy poorte nooit gesluit word nie; **Opn. 21:26** en hulle sal die heerlijkheid en die eer van die nasies daarin bring. **Opn. 21:27** En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.

→ Hierdie stad is die ewige woning van die bruid, maar dit is ook die bruid self, want die stad is nie net geboue nie, dit is veral die mense wat daarin woon. Dit is 'n stad wat die sprankel van God se heerlijkheid weerspieël.

→ Die 12 poorte bevat die name van die 12 stamme van Israel.

→ Die 12 fondamente dra die 12 apostels se name.

→ Die afmetings van de stad:

- a) 1500 myl x 1500 myl x 1500 myl. (Omtrent so groot soos Suid-Afrika)
- b) 2 400km lank.
- c) 2 400km breed.
- d) 2 400 km hoog.
- e) Die breedte van die muur is: 144 el, dus ongeveer 60m.

→ Die fondamente van die stad is met die pragtigste edelgesteentes versier:

- a) Jaspis – Deurskynend groen.
- b) Saffier – Diep blou.
- c) Chalcedon – Blou-grys.

- d) Smarag – Sprankelend groen.
- e) Sardoniks – Oranjerooi met wit strepe.
- f) Sarduis – Robynrooi.
- g) Chrisoliet – Goudgeel.
- h) Beril – Seegroen.
- i) Topaas – Liggroen-geel.
- j) Chrisopaas – Ligpers.
- k) Hiasint – Oranjarooi tot pers.
- l) Ametis – Helder pers.

GENESIS

Hemel & aarde geskape (1:1)
Son geskape (1:16)
Die nag geskape (1:5)
Die see gekape (1:10)
Die vloek aangekondig (3:14-17)
Die dood tree in (3:19)
Mens uit tuin verdryf (3:24)
Smart en trane begin

OPENBARING

Nuwe hemel en nuwe aarde (21:1)
Geen son nodig (21:23)
Geen nag daar (22:5)
Geen see (21:1)
Geen vloek meer (22:3)
Geen dood meer nie (21:4)
Mens in nuwe Paradys herstel (22:14)
Geen trane meer (21:4)

